*Vrydag* **25**

**SKRIFGEDEELTE: MIGA 5:1-14**
**FOKUSGEDEELTE: MIGA 5:1, 3, 4(A)**

**Jesus Christus en ’n nuwe toekoms**

In die tweede helfte van die agtste eeu vC het die Here in ’n heilsprofesie die koms van ’n koning in die toekoms laat aankondig. Hierdie belofte staan in teenstelling tot die koningsgeskiedenis van Israel en Juda. Skade en skande het in koningshuise afgespeel waar konings teleurgestel het. Hieroor moes Miga ook onheilsprofesieë as regverdige oordeel van die Here aankondig.

Die heilsprofesie oor die koms van ’n koning in die toekoms – ingelei deur die teenstellende “maar” van Miga 5:1 – het nie onvervuld gebly nie. Dit het met die geboorte van Jesus Christus in vervulling gegaan. Hieroor gaan die viering van Kersfees: die beloofde koning is uit die koningslyn van Dawid gebore … van Dawid wat as herdersknaap in die Efratas-velde skape opgepas en tot koning gesalf is (1 Sam. 16).

Die beloofde koning is in Betlehem gebore om sy volk as herder in die sterkte van die Here te laat wei (Matt. 2:5, 6). Die aanbreek van hierdie toekoms kon niemand verhinder nie. Nié die mag van die Assiriërs nie en geen bose mag nie. In Hom, wie se uitgange uit die dae van die ewigheid is, het God dié Koning gegee wat nie soos aardse konings teleurstel nie. Hy is die “Verlosser” – in die betekenis van die naam “Jesus” – wat as Goeie Herder sy lewe vir die skape afgelê het (Joh. 10:15). In die betekenis van sy naam “Christus”, is Hy, “Gesalfde”, tot ons ewige Koning deur die Vader aangestel.

’n Nuwe toekoms van vrede is deur Hom gebring waaroor die engele in die omgewing van Betlehem-Efrata gesing het: “Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy ’n welbehae het!” (Luk. 2:14).

Die naam Miga beteken: “Wie is soos die Here?” Wie is soos die Here in die vervulling van die belofte oor die Herder-Koning met ’n nuwe toekoms van ware vrede? Hierin vind ons lewe die hoogste bestemming: om in navolging van Jesus Christus as die bron van vrede te lewe; om tot eer van God as erfgename van die beloofde nuwe toekoms op die nuwe hemel en die nuwe aarde te lewe.

*Sing: Psalm 72:11 (1936)*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Kempton Park)*